**REKORDHOUDING**

**Die enigste sinvolle rekord houding is wat mens kan help om die teel waarde van boerbok te bepaal. Vanaf 1963 hou Kanonfontein n baie deeglike rekord en open n verslagblad vir elke boerbok ooi wat lam.**

**1963 het Dr Quinten Campbell en ek hierdie rekord stelsel ontwikkel vir ons boerbokke. Daarom begin ons, waar ons die boerbok punt, met BOK.**

Voorbeeld van kaart.

Die kolomme verwys van links naregs:
OUD: Ouderdom van ooi, in tande, as sy die 1ste keer lam.
MNVL: Maande na vorige lam.
LAMNO: Lam ID nommer.
FAM: Familie. (Elke oorspronklike ooi het 'n familie nommer gekry en al haar na geslag kry dieselfde familie nommer)
PA: Pa van dier.
Geboorte datum.
SPIND: Lam se aangepaste speen gewigindeks.
MAIND: Die gemiddeld van die ooi se lammers seindekse.

Elke volgende afdeling tel uit 5.

B: Bouvorm.("n Punt uit 5 vir net die bouvorm – lyf- van die lam)
O: Kop en horings.
K: Bene.
G: Grootte-groei.
P: Kleur patroon.
H: Haar kwaliteit.
T: Tipe.
S: Seleksie.
OPMERKINGS: Wat van die dier geword het. Uitstaande eienskappe.

AFKORTINGS:
D/L: As dooie lam aangekom.
L/D: As suiplam dood.
D/: Dood.
V-R: Verkoop as ram.
V/K: Verkoop as kapater.
V/O: Verkoop as teelooi.
V/S: Verkoop as slagooi.

Ons hou van die kaartstelsel bo die rekenaarstelsel omdat ons die karate kan saam neem kraal toe. Sekere sakrekenaars kano ok kraal toe gaan, maar as ons 'n dier wil evalueer, haal ons al sy of haar familie se karate uit en pak op 'n tafel en met eenoogopslag kan almal te gelyk gesien word. Rekenaar een-een, of is ek verkeerd?

Navrae welkom.